Evangelisasie gesprek

Johannes 4:1-26

Inleiding

- "Ek weet nie wat om te sê nie"
- "Sê nou dit werk nie"
- "Sê nou hulle maak lelik"

    - Dit is seker die drie hoof vrese wat mense keer om evangelisasie te doen.
    - Om vir mense wat dit duidelik baie nodig het
        - Te vertel of te herinner aan Jesus se werk aan die kruis vir hulle.
        - Die evangelie

- Dis waarskynlik die dinge wat jou keer om te praat met:
    - Daardie familie lid van jou wat 'n "Christen" is
        - maar eintlik nie regtig meer oor kerk omgee nie
        - ons noem hulle nominale Christene
            - mense wat net die naam het, maar niks anders nie.
    - Of dalk is dit 'n "lou" Christen
        - So 'n saamloper met die tros
        - Maar hulle commit nie met liefde vir Jesus nie
    - Of dalk is dit iemand wat God voluit ontken
        - Of dalk in 'n ander geloof is.

- Omdat meeste van ons hierdie vrese het
        - "Ek weet nie wat om te sê nie"
        - "Sê nou dit werk nie"
        - "Sê nou hulle maak lelik"

- Sukkel ons om heeltemal uit te leef wat Jesus ons gemaak het: 'n verloste familie diensknegte is wat gestuur is.
  - Gestuur is na Vanderbijl se mense wat nog lewe op hulle eie soek
  - Te help om te ontdek dat lewe net in Jesus is.

- Daarom gaan ons bietjie praktiese kyk na
  - 'n evangelisasie gesprek wat Jesus gehad het
    - sodat ons kan begin dink oor ons gesprekke met die mense wat Jesus rondom ons geplant het
  - Ons gaan leer:
    - Dat dit maar soms rof kan wees
    - Dat jy deur die lae van die gesprek moet kom
    - Sodat jy die rede agter die rede kan verstaan
    - Sodat die evangelie verlos – nie met jou argumente nie.

- Hierdie dinge sien ons uitspeel in Jesus se gesprek met die Samaritaanse vrou by die put.
  - Dit was eintlik rowwer as wat ons dit soms lees
  - Daar was lagies in die gesprek
    - Eers 'n alledaagse aankopingpunt oor water
    - Toe 'n gesprek oor godsdiens
    - Toe 'n gesprek oor haar hart
  - Deur daardie lae het Jesus uiteindelik by die hart uitgekom van die leun wat haar hele lewe beheer het:
    - "As ek net die regte man kan kry sal my lewe betekenisvol en vervullend wees."
  - En dis toe dat sy Jesus ontdek vir wie Hy is.

- Kom ons lees die teks en leef ons in die gesprek in...

Liggaam

- Jesus ontmoet ‘n Samaritaanse vrou by die waterput.
  - Hy vra onskuldig vir biejtie water as aanknopingspunt.
  - Die vrou wip haar in ‘n krul in. Verras, geafronteerd:
    - “Jy wat ‘n Jood is, is mos heiliger as ons Samaritane, maar as dit jou nóú pas mag ek vir jou water uitskep.”

- Jesus antwoord opreg dat
  - as sy regtig geweet wie Hy is, sal sy Hóm gevra het vir lewende water.
  - Hy is nie maar net sommer ‘n Jood nie.
    - Maar hierdie antwoord klink vir haar net nog meer arrogant.
    - Sy hoor net: “Jy moet mý eintlik vir water vra!”

- En nou trek sy los!
  - Jy het nie ‘n skep ding nie.
  - Die put is baie diep.
  - Lewende water wat jy waar kry?
  - Wil jy nou sê jy is belangriker as Jakob, en hy het hierdie put vir óns gegee?!
    - Jy dink seker jy is ‘n stukkie werk!

- Jesus ignoreer haar kwaai aanval,
  - Hy druk deur, en begin nou in die eintlike rigting beweeg.
  - ‘Die water wat Ek gee is nie hierdie water in hierdie put nie, My water vat ‘n mens se dors vir altyd weg en gee egte lewe.’

- “Gee dat ek proe meneer!”, is haar reaksie.
    - ‘Dit sal baie van my probleme oplos en my lewe baie makliker maak.’

- En nou.... vat Jesus die skrefie wat sy oopgemaak het!
    - Sy het mos vir daardie water gevra...
    - Nou begin Hy torring aan dit wat agter die skerms in haar lewe aangaan.
    - Nul uit noord kom sy opdrag:
        - ‘Gaan haal jou man.’

- ‘Ek het nie ‘n man nie.’ keer sy kortaf vir haar paaltjies.
    - Vir die eerste keer is sy nou nie so vol braafheid nie...
    - ....dis ‘n seer saak in haar lewe.

- Omdat Jesus ook God was weet hy die waarheid.
    - ‘Jy’s reg, want jy het al 5 gehad en nommer ses...mmhhhh... is eintlik ook tegnies nie jou man nie.’
    - Dit is die waarheid van jou lewe, mevrou.’

    - En hiermee sit Hy sy vinger op haar eintlike seer.
        - ‘Jy het my gevra om vir jou lewende water te gee om jou lewe makliker te maak,
        - maar dit is nie waarvoor jy eintlik dors is nie.’

- Jesus vat hier die leeun vas agter haar gedrag en agter als wat sy glo.
    - Sy glo duidelik eintlik diep in haar dat
        - as sy maar net die regte man in die hande kan kry
        - sal haar lewe wonderlik wees / verlos wees
    - Dis die eintlik saak agter die saak.

        - Nou is Jesus waar hy wil wees.
        - Die eintlike probleem.

- Die vrou voel skaam en uitgevang,
    - en sy doen wat enige van ons so goed kan doen in sulke situasies...
    - sy verander die onderwerp
    - sy wil nie oor haar hart praat nie... maar sal oor godsdiens stry
        - dis veilig.

    - En sy kies die moeiliskte 'issue' waaroor die Jode en Samaritane op daardie stadium vasgesit het:

        - Of mens in Jerusalem of op Gerisim berg moet aanbid.
    - Dit mos maklik om met teorie oor godsdiens
        - weg te kom as iemand te naby beweeg!

- Maar Jesus sien haar truuk
    - en gebruik dit om verder te verduidelik dat die adres van aanbidding nie saakmaak nie
    - maar dat God belangstel in enige mense wat
        - in hulle gees
        - en met die waarheid oor hulle lewens
    - aanbid.

- Nou begin <u>sy</u> nader beweeg!
    - Daardie eintste Gees werk nou in haar:
        - Die eintlike diep seer in haar lewe lê nou oop,
        - Jesus se opmerkings oor die waarheid en 'n mens se geestelike dimensie,

        - waarskynlik ook die gesprek oor die water en dors aan die begin...
    - dit als begin in haar binnekant werk.

    - Sy sit die legkaart in haar kop bymekaar en vra onverwags in die rigting van die Messias
        - Dit beteken Christus.

- En dan antwoord Jesus eenvoudig: "Dit is ek wat met jou praat"
    - asof Hy wil sê: 'Baie geluk, jy verstaan nou.'

Afleidings

- Kom ons kyk gou na wat ons gesê het ons gaan leer:

- Dat dit maar soms rof kan wees
    - Ons is gewoonlik bang vir mense se reaksie as ons met hulle sou begin praat oor Jesus
        - en begin daarom nie eers nie
    - Maar Jesus bly nederig en kalm
        - Hy veg nie terug nie
        - ...hy bly fokus op die vrou se krisis wat besig is om geestelik te sterf van die dors

- Dat jy deur die lae van die gesprek moet kom
- Die oppervlakkige geselsies aan die begin
    - is eintlik net 'n geleentheid om by die dieper en eintlike vrae te kom.
    - 'n Geleentheid om na iemand se hart te luister, maar bo alles...
        - 'n geleentheid om uiteindelik die enigste ding te plant wat 'n hart kan verander...

        - die goeie nuus, die evangelie, van Jesus Christus.
    - Mense gaan dan gou probeer wegkruip agter kerk en godsdiens debatte
        - Die dominee wat hulle seergemaak het...
        - Die ouderling wat nie kom besoek nie...

- Maar bly kyk en luister om te verstaan wat hulle werklik seermaak
        - Wat sit dieper onder al die boonste lagies
        - Sodat jy baie goed verstaan waar daardie mense eintlik
            - Hartseer
            - Vergete
            - Minderwaardig
            - Alleen
            - Skaam voel...
        - Die dinge wat maak dat hulle God vermy.

- Jesus het wel die rede agter als van die Samaritaanse vrou geken omdat Hy God is.
    - Ek en jy is nie.
    - Maar ons het die Gees van God wat in ons woon.
    - En dit is Hy wat ons in gesprekke kan lei
        - om deur te dring tot die kern van hoekom 'n persoon glo wat hy glo
        - of optree soos wat hy/sy optree.

- Dis dan daar dat iemand reg is om by jou weer te hoor
    - daar is iemand wat dit alles en nog meer van hulle weet
    - Maar in liefde na hulle toe wil kom.
        - Om hulle dors te les

- Die Christus

- Verstaan mooi: Hierdie is nie ‘n enigste model wat altyd werk nie
- Of elke persoon met wie jy gesels tot geloof kom
  - is nog nooit iets wat God voor jou deur gesit het om te doen nie.
  - Baie Selfs van die mense wat Jesus hoor preek het,
    - het nie tot geloof gekom nie.
    - Was hy dan ‘n mislukking? Sekerlik nie!

- Maar ons leer hier deur
  - vriendskappe wat ons bou,
  - gesprekke wat ons het
  - en die goeie nuus wat ons bring
    - gee ons vir die Heilige Gees van God kan
    - om te werk waar en hoe Hy wil.
    - Met die evangelie.

- As jy nie ‘n Christen is nie:
  - Hoop ek jy hoor hier dat Christene se roeping nie is om argumente te wen nie
  - As mense jou al seer gemaak het met hulle liefdelose godsdiensargumente is ek jammer
  - Maar ek hoop jy sien hoe Jesus jou diepste seer werklik ken
    - Met sy dood en opstanding aan die kruis het hy betaal vir als wat jou min en skaam laat voel
  - Dis in daardie liefde van Hom dat jy rus sal vind
    - Bely jou sonde en omhels sy genade
    - Moet niks anders omhels.

- As jy ‘n Christen is:
    - Hierdie is nie ‘n nuwe ding om oor skuldig te voel omdat jy nie die moed het nie
    - Jesus Christus het jou reeds vrygemaak van al jou mislukkings en daar is geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie. Rom 8:1
    - Maar bid dat die Here jou sal help om mense te sien in die seer en nood wat hulle regitig het
        - Dan sal dit vir jou ook makliker wees om uit te reik en net te begin gesels.

Slot

- “Ek weet nie wat om te sê nie”
- “Sê nou dit werk nie”
- “Sê nou hulle maak lelik”

- Maar
    - sê nou net jy onthou wie Jesus werklik vir jou is en jy kan nederig bly as hulle begin lelik maak
    - sê nou jy sien die seer en nood wat hulle regtig het onder al hulle sonde en kwaai en argumente
    - sê nou jy onthou dat dit nie eers vir Jesus altyd gewerk het nie
    - sê nou jy net jy bid en begin maar gesels met die vertroue dat die Heilige Gees jou lei.
    - ...en sê nou net dit werk!

Amen

Griffel van Wyk
Trinitas
8 November 2015